**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèlnommer : A165/2006

In die appèl van:-

**JOHN MAHLALELA LUDADA** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** HATTINGH R *et* KRUGER R *et* C.J. MUSI R

---

**AANGEHOOR OP:** 4 DESEMBER 2006

---

**UITSPRAAK DEUR:** DIE HOF

---

**GELEWER OP:** 7 DESEMBER 2006

---

[1] Drie beskuldigdes het in die Streekhof te Bultfontein tereggestaan op ‘n klagte dat hulle vir Letti Monyeni, ‘n 35-jarige vrou, verkrag het. Appellant was beskuldigde nr. 1. Beskuldigde nr. 2 was Barry Vetman en beskuldigde nr. 3 was

Elias Jonas. Al drie het onskuldig gepleit en al drie is skuldig bevind en na die Hooggeregshof vir vonnis verwys.

[2] Die aangeleentheid het onder artikel 52(1)(b) van Wet 105 van 1997 voor Rampai R gedien. Voor hom was geen submissies gemaak dat daar probleme met die skuldigbevinding is nie en hy het die skuldigbevinding, van al drie beskuldigdes, bekragtig. Hy het die beskuldigdes soos volg gevonnis:

Beskuldigde 1 (appellant) - 15 jaar gevangenisstraf

Beskuldigde 2 (wat vyftien jaar oud was by die pleging van die misdryf) - 10 jaar gevangenisstraf

Beskuldigde 3 - 15 jaar gevangenisstraf

[3] Slegs beskuldigde 1 is tans voor hierdie Hof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en vonnis.

[4] Die klaagster, Letti Monyeni, het getuig dat sy op die oggend van 10 Julie 1999 om 05H30 op pad was na haar werk. Dit was nie donker nie. Drie persone nader haar van agter. Een gryp haar keel, die ander druk ‘n mes teen haar rug en sê sy

moet stilbly. Die drie trek haar toe na ‘n boom op ‘n afstand van ongeveer 50 meter vandaar.

[5] Die een met die naam Mahlalela het gepraat. Sy het die drie persone uitgewys as die drie beskuldigdes voor die Hof. Die tydperk vandat hulle haar gevang het tot by die boom was ongeveer tien minute en sy het na hulle gesigte gekyk. Sy het hulle nie voor die voorval geken nie. Sy kon geen uitstaande kenmerke van enige van die drie uitwys nie.

[6] By die boom het appellant haar klere afgetrek en die ander het hom gehelp. Appellant het haar op die grond gestoot en gesê sy moet lê.

[7] Nadat appellant met haar gemeenskap gehou het, het beskuldigde 2 gevolg; daarna beskuldigde 3. Beskuldigde drie hoor toe mense naby haar en hardloop weg nadat hy gemeenskap gehad het. Die ander twee het ook weggehardloop.

[8] Gevra of die beskuldigdes gepraat het toe hulle met haar besig was, sê klaagster dat appellant gesê het hulle moet haar nie slaan of met ‘n mes steek nie, want hy ken haar. Appellant het gekeer dat hulle haar horlosie vat. Hy het gesê sy sal raas as hulle die horlosie vat. Beskuldigdes 2 en 3 het die naam Mahlalela genoem ten opsigte van appellant, wat hulle gesê het hulle hinder.

[9] Sy is na die polisiestasie en die kliniek en is deur ‘n dokter ondersoek.

[10] Daarna is sy na haar huis waar sy gewas het en toe geslaap het. Toe sy opstaan, het sy na haar tante se huis gegaan en vir haar niggie (Mvulazana) gesê wat gebeur het en haar gevra of sy nie vir Mahlalela ken nie. Toe sy haar tante se woning verlaat, het sy appellant teëgekom. Hy het in die teenoorgestelde rigting geloop. Appellant het sy baadjie oor beide sy skouers gesit en vinniger gestap toe hy klaagster sien. Sy het agter appellant aangeloop en die mense het die polisie ontbied. Toe die polisie opdaag, was appellant reeds weg.

[11] Na afloop van klaagster se hoofgetuienis het appellant se prokureur onttrek, omdat die saak na ‘n ander setel verskuif het. Sy nuwe regsverteenwoordiger, Mnr. Coetzee, het die kruisondervraging van die klaagster waargeneem.

[12] Tydens kruisondervraging het klaagster getuig dat daar gewone straatligte was. Dit was daardie tyd nie meer baie donker nie. Die son het amper opgekom.

[13] Sy was nie seker wie die mes gehad het nie – beskuldigde 2 of 3. Appellant het haar vasgehou.

[14] Wat die weghardloop betref, het appellant en beskuldigde nr. 2 weggehardloop nadat hulle haar verkrag het; beskuldigde nr. 3 het eers weggehardloop toe hy die kerkmense hoor aankom.

[15] Twee van die mans het die een man Mahlalela genoem. Sy het appellant onmiddellik herken toe sy hom in die straat sien.

[16] Sy sê na die voorval was sy onseker of sy die appellant weer sal kan uitken. Toe sy hom op straat sien, het sy gesien dat hy die persoon is wat haar verkrag het.

[17] In kruisondervraging deur die regsverteenwoordiger van beskuldigde 3 het klaagster daarop gewys dat die insident twee jaar tevore gebeur het.

[18] Die tweede staatsgetuie was sersant Masumpa. Klaagster het by hom opgedaag by die aanklagkantoor. Hy het later op 21 Julie 1999 twee persone gaan arresteer – appellant en beskuldigde 2 – na aanleiding van inligting wat hy van sy kollega, Hans Hugo, ontvang het. Hy het hulle na klaagster geneem en haar gevra of dit die regte persone is. Sy het bevestig. Appellant en beskuldigde 2 was in die voertuig toe hy hulle aan klaagster uitwys.

[19] Inspekteur Van der Walt is die ondersoekbeampte. Sy getuienis is dat dit sou nie gehelp het om 'n uitkenningsparade te hou nie, want klaagster het reeds die beskuldigdes uitgewys. Op 18 September 1999 het klaagster hom geskakel en 'n beskrywing van beskuldigde 3 en 'n adres waar hy hom kan aantref gegee. Hy het op dieselfde dag na die adres gegaan en vir beskuldigde 3 daar gearresteer.

[20] Nomvulazana Kheswa, klaagster se niggie, bevestig dat

klaagster by haar woning was. Sy het buite gestaan toe die klaagster huis toe geloop het. Klaagster het vir Mahlalela aan haar uitgewys met haar vinger en gesê hy is die een wat haar verkrag het. Toe sê Kheswa, ja dit is Mahlalela. Hulle het appellant ongeveer 150 meter gevolg. Hy het omgekyk en weggehardloop. Hulle het agter hom aangehardloop. Hulle was 10 – 15 meter agter appellant. Hy het gesien hulle volg hom.

[21] Mnr Hein Heindrich Freisenberg, ‘n forensiese wetenskaplike, het getuienis met betrekking tot DNS analise gelewer. Die DNS verbind beskuldigde 2 met die pleeg van die misdryf en sy skuldigbevinding is bo twyfel korrek.

[22] Al drie beskuldigdes het aandadigheid aan die misdaad ontken. Al drie het beweer dat hulle nie op die toneel was nie. In kruisondervraging het appellant bevestig dat hy as Mahlalela bekend staan, omdat hy werkloos is. Beskuldigdes 2 en 3 het hom by diè naam geken en soms so genoem.

[23] Mnr. Pretorius, namens respondent, betoog dat daar belangrike betroubaarheidswaarborge vir die klaagster se getuienis is:

1. Die klaagster gee appellant se naam aan die polisie. Toe appellant gearresteer word, lei hy die polisie na beskuldigde 2. Belangrik is dat beskuldigde 2 positief met DNS ontleding verbind word. Klaagster was dus korrek in haar identifisering van beskuldigde 2.
2. Appellant is 'n leuenagtige getuie.
3. Appellant se gedrag na die voorval spreek boekdele.
4. Appellant opper nie sy alibi gedurende sy arrestasie of kort daarna nie. Dit strook nie met normale menslike gedrag nie en is nie redelik moontlik waar nie.
5. Klaagster getuig dat drie persone haar verkrag het. Die DNS ontleding bevestig dit.

[24] Die landdros het die regsposisie met betrekking tot die evaluering van enkelgetuies en identifikasie getuienis korrek opgesom. Die regsposisie daaraangaande is geyk en dit verg nie herhaling of beklemtoning in hierdie uitspraak nie. In sy evaluering van die getuies se getuienis het hy egter verskeie mistastings begaan.

[25] Die landdos het bevind dat die klaagster ondanks die feit dat sy meer as jaar nadat sy haar hoofgetuienis gelewer het gekruisondervra was, 'n goeie getuie was. Hy bevind dat

> "(S)y was onderwerp aan deurtastende kruisverhoor en het sy volstaan hy haar weergawe."

Later maak die landdros die volgende bevinding:

> "Dit word aanvaar dat die geleentheid en die beligting voldoende was om 'n behoorlike uitkenning te maak. Die hof is tevrede dat die getuie eerlik en betroubaar is met haar identifikasie van die beskuldigdes. Dit is so dat daar verskille is in haar getuienis maar soos sy ook getuig het, twee jaar en vier maande is 'n lang tyd om alles te onthou."

[26] Die klaagster se getuienis is, met respek, vatbaar vir ernstige kritiek. Sy kon geen kenmerkende eienskappe, waarom sy die beskuldigdes uitken, verskaf nie. Sy volstaan deur te sê dat sy hulle gesigte gesien het omdat dit nie donker was nie en die

son alreeds begin opkom het. Haar getuienis wat die ligbron, wat haar in staat gestel het om die beskuldigdes te identifiseer, betref is teenstrydig. Haar getuienis hieraangaande is as volg:

> "Wat se ligte is daar in daardie straat waar u afgestap het die betrokke dag? ---Elektriese ligte.
>
> Is dit hoë masligte of is dit gewone straatligte?---Dit is gewone straatligte.
>
> HOF: Hierdie kort paaltjies?--- Dit is kort paaltjies.
>
> MNR COETZEE: Was hulle nog aan gewees toe u nou daar stap en deur hierdie drie persone genader word? --- Teen daardie tyd dit was nie baie donker gewees nie.
>
> As gevolg van die son wat opgekom het of besig was om op te kom, of as gevolg van die beligting, elektries van aard? --- Jy was in staat om 'n persoon te sien, dit was nie baie donker gewees nie en jy kon sien dat die son is amper om uit te kom...
>
> Met ander woorde dit was van die sonlig was die verligting gewees, dit was nie elektriese ligte nie? ---Ja.
>
> U sien Juliemaand is dit winter, die son is nie halfses in die oggend al op, of besig om op te kom nie.--- Ja die son het nog nie uitgekom nie, maar dit was lig gewees."

[27] Dit is heeltemal onduidelik of die primêre ligbron elektriese ligte of natuurlike lig was. Dit is ook onduidelik of die elektriese ligte aan of af was nie. Getuienis oor die aard van

die ligbron en of dit voldoende lig verskaf het om 'n persoon te identifiseer is van kardinale belang om 'n bevinding rakende die betroubaarheid van identifikasie te maak. 'n Vae bewering dat dit nie baie donker was nie is onvoldoende.

[28] Haar getuienis oor hoe sy appellant aan Nomvulazana uitgewys het is ook teenstrydig. Gedurende kruisondervraging deur appellant se prokureur het sy as volg getuig:

> "Het u alleen in die straat gestap toe u beskuldigde 1 teëkom? ---Ja.
>
> U herken hom dadelik aan sy algemene voorkoms synde een van die persone wat u verkrag het? --- Ja en ek het toe 'n kind van my tante geskree...(tussenbei)
>
> HOF: Ja en ek het toe? --- <u>Die kind van my tante geskree en haar gevra of is dit Mathlalela hierdie een en sy het toe gesê ja, dit is reg dit is Mathlalela</u>.
>
> MNR COETZEE: Verstaan ek u reg, u loop alleen in die straat af, u sien beskuldigde 1, is dit korrek? --- Ja, ek was nie ver van die huis wat ek pas verlaat het.

Maar u herken beskuldigde 1 aan sy gesig, sy algemene voorkoms? ---Ja.
Waar is die kind van u tante vir wie u toe skree? --- Op haar ouers se perseel.
Wat is hierdie kind se naam? ---Mvulazwana.
HOF: Wat is die naam? Mvulazwana.

MNR COETZEE: Hoe ver is sy van u af toe u nou vir haar skree, afstandsgewys? --- Van hier af tot by die twee deur daarso.

HOF: Die tweede deur, daardie agterste deur? --- Ja.

Voor die deur of na die deur? --- As iemand hierso uitgaan, daar is 'n deur daarso wat in daardie gebou ingaan, dit was daardie afstand gewees. Van daar af tot by daardie deur.
Omtrent so vyftien meter plus-minus.

MNR COETZEE: En u skree vir daardie kind is dit Mathlalela hierdie, is dit korrek? --- <u>Ek het gesê hier is Mathlalela</u>." (ons onderstreping).

Daardie getuienis bots lynreg met haar verklaring wat sy op 12 Julie 1991 afgelê het. In haar verklaring het sy die volgende gesê:

"Net toe ek terug na my huis nou gaan, nadat ek reëlings met Mvulazana getref het om 'n draai by my te kom maak, het daar 'n jong man van vooraf gekom en <u>Mvulazana het vir my gewys dat dit die man Mahlalela is</u>." (ons

onderstreping).

Die landdros het bevind dat die verskille nie wesenlik is nie omdat die klaagster nie haar verklaring deeglik afgelê het nie aangesien sy gehuil het en ontsteld was toe sy die verklaring gemaak het. Die verklaring, wat as bewysstuk A ingehandig was, was deeglik en volledig geneem. Gedurende haar getuienis het dit ook duidelik geblyk dat sy detail vergeet het wat wel in die verklaring vervat was. Die feit dat sy ontsteld was of gehuil het tydens die aflê van die verklaring affekteer nie die gehalte van die verklaring nie, dit is waarskynlik eerder die feit dat sy so lank na die voorval getuig het wat haar geheue affekteer het.

[29] Die klaagster word ook deur Nomvulazana weerspreek. Volgens Nomvulazana het die klaagster glad nie geskree nie, maar slegs na die appellant se kop gewys en met behulp van gebaretaal aangetoon dat die persoon wel Mahlalela is. Die landdros het bevind dat hiedie weerspreking ook nie wesenlik is

nie. Daar kan, met respek, nie met hom saamgestem word nie. Die getuienis oor hoe en onder watter omstandighede die appellant uitgewys is, is van deurslaggewende belang. Die weersprekings tussen die twee getuies en die verskillende weergawes van die klaagster is wesenlik en slaan direk op die betroubaarheid van haar getuienis met betrekking tot die identifikasie van appellant.

[30] Mnr Pretorius, steun ook op die getuienis van Van der Walt wat getuig het dat appellant beskuldigde 2 se naam genoem het en dat dit gelei het tot beskuldigde 2 se arrestasie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Masumpa, wat die arrestasies uitgevoer het, getuig het dat hy beskuldigde 1 en 2 saam gearresteer het. Van der Walt se getuienis is in elk geval ontoelaatbare hoorsê getuienis aangesien hy nie betrokke was by die arrestasie van appellant en beskuldigde 2 nie. Die getuienis ondersteun dus nie die argument nie.

[31] Dit is gemene saak dat appellant Mahlalela genoem word. Dit

is ook gemene saak dat dit ‘n algemene noemnaam vir ‘n leeglêer is. Daar is niks uniek aan die naam nie. Die feit dat sy een van haar aanvallers se naam gehoor het is dus nutteloos.

[32] Die feit dat appellant en beskuldigde 2 saam gearresteer is en beskuldigde 2 met die misdryf verbind word regverdig nie noodwendig die afleiding dat appellant ook aandadig was aan die misdaad nie.

[33] Wat die appellant se optrede na die voorval betref het die landdros bevind dat hy sy baadjie uitgetrek het en daaragter geskuil het. Hierdie bevinding strook nie met die getuienis van die klaagster en Nomvulazana nie. Die klaagster se getuienis is dat hy

> “’n baadjie by hom gehad, hy het hierdie baadjie op hom skouer gesit asof hy dit skeur en vinniger gestap.”

Nomvulazana het getuig dat hy

> “‘n lumberjacket aangehad, hy het dit uitgetrek en dit geskeur”.

[34] Mnr Pretorius is korrek dat die appellant ‘n leuenagtige getuie was. ‘n Ander punt van kritiek wat teen appellant geopper kan word, is dat hy nie sy alibi vroeër geopper het nie. Dit is verstaanbaar dat hy dit nie vir die ondersoekbeampte sou noem

nie, maar hy moes dit op 'n vroeëre stadium reeds vir sy prokureur gesê het. Daar is egter geen bewyslas op appellant nie en die sentrale aspek in hierdie saak, is steeds of die uitwysing van die klaagster van appellant bevredigend en betroubaar is. Daar kan nie bo redelike twyfel gesê word dat haar uitkenning betroubaar was nie.

[35] Wat beskuldigde 3 betref, is hy nie tans voor die Hof nie, maar dieselfde kritiek geld ten opsigte van sy uitkenning as ten opsigte van beskuldigde 1 (appellant). In sy geval is daar ook geen kenmerkende beskrywing nie en daar is in sy geval geen naam wat hom sou kon koppel nie. Hy was ook nie kort na die insident gesien nie. Hy was eers later gearresteer. Daar is minder getuienis teen hom as teen appellant.

[36] In die omstandighede moet die appèl van appellant slaag. Beskuldigde 3 het nie appèl aangeteken nie en is derhalwe nie hierdie Hof nie.

[37] **Die volgende bevel word dus gemaak:**

**1. Die appèl slaag. Appellant se skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

**G.A. HATTINGH, R**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**C.J. MUSI, R**

Namens die appellant: Mnr. P.L. van der Merwe
In opdrag van:
Bloemfontein Regsentrum

BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. Danie J. Pretorius
In opdrag van:
Direkteur Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/sp